



# PETRUSBURG NUUS

Deur God se genade 'n biddende gemeente wat mekaar in liefde dien en uitreik na die wêreld. *17 April 2022*



## Gebed vir die Paasnaweek

Willie Jonker

Here Jesus, u graf en u kruis was nie die laaste woord oor U nie. Dankie dat die donkerte van ons ellende ook nooit die laaste woord oor ons is nie, omdat U uit liefde vir ons gesterf, én opgestaan het! U weet dat die lewe 'n manier het om ons te breek, sodat ons nooit weer dieselfde kan wees nie. Maar dankie, Here Jesus, dat U in staat en gewillig is om óf ons situasie óf onself so te verander dat ons bokant die donkerte en verdriet kan uitkom, wel met die merktekens van die kruis aan ons, maar tog ook met iets van die heerlikheid van u opstandingslewe in ons.



## Vanoggend

Skrifgedeelte: Johannes 20:1-18 (teksvers 17)


Tema: Jy het familie!

Jesus se Vader is nou ook óns Vader! Ons het familie geword. Ons hele bestaan het verander. Ons status in die wêreld het verander. Ons is broers en susters van Koning Jesus. Ons is seuns en dogters van God die Vader.

## Ons Program

### Vandag: Paasfees

- Formele Erediens om 9:30 en 11:00 olv ds. Jaco Thom
- Deuroffer: Plaaslike behoeftige leerders



### Vrydag tot Sondag

- Jeugkamp (10-17-jariges) by Strydomspan van Frans du Toit. Geestelike aktiwiteite en lofprysing, waterkaskenades, potjiekos, nagmars, boeresport. Kontak Marnus Nel by 076 128 6998 vir meer inligting of as jou kinders wil saamgaan.

### Sondag 24 April

- Informele erediens (kinderdiens) om 9:30 olv ds. Thania Botha. Ons Woning sal via 'n uitsending by dié diens inskakel.
- Sondagskool & Kategese
- Deuroffer: Gemeente Uitbreiding

### Dinsdag 26 April

- Kerkraadsvergadering om 18:00. Die vergadering sou op 10 Mei plaasvind, maar dit skuif vroeër, sodat ons die basaar kan bespreek.

### Ons Bybellees-program

Ons lees tans uit die boek Psalms. Vandag lees ons Psalm 104.



## Só glo ons

### Die Heidelbergse Kategismus

Vraag 45: Watter nut het die opstanding van Christus vir ons?

Antwoord: Ten eerste dat Hy deur sy opstanding die dood oorwin, sodat Hy ons die geregtigheid wat Hy deur sy dood verwerf het, deelagtig kon maak. Ten tweede word ons nou ook deur sy krag tot 'n nuwe lewe opgewek. Ten derde is die opstanding van Christus vir ons 'n betroubare waarborg van ons salige opstanding.

## Lief & Leed

### Verjaarsdae

Die volgende lidmate verjaar in die week. Baie geluk! Mag dit 'n jaar vol van die Here se seënninge en genade vir elkeen van julle wees.

April

- 20 Hubart Janse van Rensburg
- 20 Dirk Klok (91j)
- 21 Elize du Plessis
- 22 Karen Venter
- 23 Tommy Ferreira (88j)



### Huweliksherdenking

April

- 20 Apie & Elsa Ebersöhn (48j)
- 21 Willie & Carina Naudé (21j)

### Voorbedding

- Betta van der Watt – terug by die huis, wag vir uitslae van die toetse
- Oorlog in Oekraïne
- Mense wat geraak is deur die vloedramp in KZN



### Moedersdagbasaar – 7 Mei

Ons gemeente-basaar is net om die draai, en daar sal iets vir almal wees. Jy

sal ook op die basaar 'n geskenk vir jou vrou of ma vir Moedersdag kan koop. Maak seker dat jy dit bywoon.

Persone van buite mag ook stalletjies hê, maar dit mag nie oorvleuel met ons kostafels nie. Dit kos R50 en kan by die kerkkantoor betaal word.

### Vrouebediening: Projek vir 2de kwartaal

SERPE vir die SKOOL

Double Knitting-wol

25 steke, 1 meter lank. Indien gleufie in gebrei word, net 85 cm lank. Die foto langsaan is enkele van die serpe wat Ons Woning se mense gebrei het.

Navy of grys vir die skool. Daar is grys wol en

patrone by die kerkkantoor beskikbaar.

Enige kleur en

patroon vir by die koshuis in die koue aande. Dit moet asb teen 24 Junie by die kerkkantoor wees.

Klere

Baie dankie vir almal wat verlede Sondag klere kerk toe gebring het. Ons het heelwat ontvang wat ons in die komende week by bepaalde punte wil uitdeel. As jy weet van iemand wat 'n behoefte aan klere het, kontak asb vir Amanda van der Westhuizen by 082 381 7062.



A poster for a men's evening event. The top part features a sunset scene with a large red sun and silhouettes of a tree and a deer. The text 'SLUIT BY ONS AAN!' is in a white box at the top. Below it, 'MANNE AAND' is written in large white letters. At the bottom, there is a white box with the text: 'KARIBU GASTEHUIS PETRUSBURG', 'Veiling Wild | Wyn | Vleis', 'Spit ete @R150 per persoon', 'Kontak 076 128 6998 vir bespreking', 'Vrydag | 18:00', '13DE Mei 2022', and 'NG KERK PETRUSBURG'.

<b>Leraar:</b>	Jaco Thom 084 523 1157 <a href="mailto:jaco@ngkerkpetrusburg.co.za">jaco@ngkerkpetrusburg.co.za</a>
<b>Kantoor:</b>	Madette Lombaard 053 574 0279 <a href="mailto:ngkpetrusburg@gmail.com">ngkpetrusburg@gmail.com</a>
<b>Orrelis:</b>	Elmien Thom 084 562 3434 <a href="mailto:elmien@ngkerkpetrusburg.co.za">elmien@ngkerkpetrusburg.co.za</a>
<b>Koster:</b>	Annamarie Dercksen 072 499 4262 <a href="mailto:annamarie.dercksen@yahoo.com">annamarie.dercksen@yahoo.com</a>
<b>Webwerf</b>	<a href="http://www.ngkerkpetrusburg.co.za">www.ngkerkpetrusburg.co.za</a> facebook <a href="https://www.facebook.com/NGKerkPetrusburg">NG Kerk Petrusburg</a>
<b>Kantoorure</b>	Maandae: 11:00-13:00 & Dinsdae – Vrydae: 08:00-13:00
<b>Bankrekening</b>	ABSA Tjekrekening 2610580001